# INLEIDING

Beste Opvoeder

Hierdie Opvoedersgids dien as aanvulling tot die jeugverhaal *‘n Soen vir Whitney*, wat deur Voices in Africa uitgegee word. Die verhaal is gerig op leerders van graad 6 tot 10 en die doel daarvan is hoofsaaklik om ’n bydrae te lewer tot die voorkoming van MIV en vigs.

Aangesien die verhaal sterk vir homself spreek, moet leerders aangemoedig word om die boek eers op hulle eie en teen hulle eie tempo deur te lees. Omdat die fokus in die verhaal hoofsaaklik val op portuurgroep-onderrig, behoort dit vir leerders maklik te wees om hulle met die karakters te identifiseer en deur hulle geïnspireer te word. Leerders sal egter ook baat vind by verdere klasbesprekings, aktiwiteite en oefeninge wat kritiese denke en probleemoplossingsvaardighede aanmoedig. Hierdie Opvoedersgids is juis ontwikkel om u te help in hierdie verband.

*‘n Soen vir Whitney* kan doeltreffend gebruik word in die Lewensoriënterings- en/of Taal-leerareas. In ooreenstemming met die Hersiene Nasionale Kurrikulum-verklaring, voldoen die boek aan die volgende kritiese en ontwikkelingsuitkomste van Uitkomsgebaseerde Onderwys:

- Dit moedig kritiese denke aan en ook besluitneming veral ten opsigte van waardes. Die ontwikkeling van waardes is een van die boek se sentrale temas en dit word oorgedra deur die uitbeelding van teenoormekaarstaande waardes en gedragspatrone binne die intrige. Leerders sal vind dat hulle deurentyd uitgedaag word om daaroor te besin of hulle met die verskillende karakters in die boek saamstem en ook of hulle hulle kan identifiseer met die karakters en die opponerende konfliksituasies binne die verhaal.
- *‘n Soen vir Whitney* help leerders om groter begrip te ontwikkel vir die onderlinge verband wat daar heers tussen die stelsels en probleme binne die skoolwêreld, huis, gemeenskap en verhoudings van ’n jongmens. Die boek illustreer ook duidelik dat MIV/vigs-probleme sowel as -oplossings nie binne ‘n geïsoleerde konteks bestaan nie.

- Die boek het 'n multikulturele rolverdeling en is daarop gerig om kulturele begrip en sensitiwiteit te bevorder, terwyl dit relevant probeer bly en by 'n wye verskeidenheid van leerders uit verskillende agtergronde aanklank probeer vind.
- Alhoewel dit nie die hooftema van die boek is nie, word die onderwysprofessie in *'n Soen vir Whitney* positief en inspirerend uitgebeeld wat die geleentheid skep om dit as edele en verdienstelike beroepsmoontlikheid onder leerders se aandag te bring.

*'n Soen vir Whitney* is geskik vir Moedertaal-leerders of leerders op die vlak van Eerste Addisionele Taal, afhangende van hulle graad en ouderdom. Verder kan dit bydra tot die bevordering en uitbreiding van die volgende spesifieke **Taalleerarea**-uitkomste:

- Die boek is ryk aan dialoog en woordeskat en kan op verskeie maniere sinvol gebruik word om al ses die leeruitkomste van luister, praat, lees, skryf, dink en redeneer te integreer, en so ook taalstruktuur en taalgebruik.
- *'n Soen vir Whitney* bevorder op 'n oortuigende wyse die integrasie van waardes in taalonderrig. Die teks weerspieël positiewe sowel as negatiewe waardes en moedig leerders aan om dit te ontleed en dan weerstand te bied teen die negatiewes.

*'n Soen vir Whitney* dra ook by tot die bevordering van die volgende spesifieke uitkomste wat betref die **Lewensoriënteringsleerarea**:

- **Die Bevordering van 'n Gesonde Lewenstyl:**
  Die teks spreek sosiale en persoonlike probleme aan wat ontstaan vanweë lewenstylkeuses en hoë-risiko-gedrag, veral met verwysing na MIV/vigs. Die integrasie en toepassing van sekere kritiese waardes, gedrags- en lewenstylkeuses soos in die boek uitgebeeld, kan 'n positiewe uitwerking hê op die gesondheid, lewenskwaliteit en welsyn van leerders.
- **Sosiale Ontwikkeling:**
  Soos reeds vermeld, kan die multikulturele rolverdeling en konteks van die boek bydra tot die bevordering van wedersydse begrip en

respek tussen die verskillende kultuurgroepe binne die Suid-Afrikaanse milieu.

- **Persoonlike Ontwikkeling:**
  *‘n Soen vir Whitney* is daarop gemik om leerders toe te rus met die nodige lewensvaardighede en oordeel sodat hulle effektief op die uitdagings van MIV/vigs kan reageer.
- **Oriëntasie ten opsigte van die Wêreld van Werk:**
  Daar is vroeër reeds verwys na die boek se positiewe uitbeelding van die onderwysberoep.

# HOE OM HIERDIE OPVOEDERSGIDS TE GEBRUIK

In hierdie gids word die verhaal in vier hoofafdelings verdeel:

Afdeling A: hoofstuk 1 - 3
Afdeling B: hoofstuk 4 - 6
Afdeling C: hoofstuk 7 - 8
Afdeling D: hoofstuk 9 – 12
Afdeling E: antwoorde

Elke afdeling begin eers met ‘n opsomming van die toepaslike leeruitkomste, gevolg deur ‘n kort opsomming van die intrige, die hoofkarakters en belangrikste temas wat in die spesifieke hoofstukke voorkom. In sommige gevalle volg een of meer besprekingsvrae of oefeninge op hierdie opsommings.

Hierop volg:

1) Pretoefeninge
2) Taaloefeninge
3) Lewensoriënteringsopdragte
4) Ander idees
5) Werkblaaie vir leerders wat gekopieer mag word

Let asseblief daarop dat die Opvoedersgids nie bedoel is om voorskriftelik of allesomvattend te wees nie. Dit is slegs ontwikkel om u as opvoeder te voorsien van idees oor hoe *‘n Soen vir Whitney* doeltreffend in die klassituasie gebruik kan word en om te dien as hulpmiddel om u tyd en moeite te bespaar. Ons vertrou dat u dit nuttig sal vind.

# AFDELING A

## (Hoofstuk 1 - 3)

## UITKOMSTE

Die volgende uitkomste moet in gedagte gehou word wanneer leerders deur die eerste drie hoofstukke werk:

- Die leerders moet die konteks en intrige van hierdie hoofstukke lees en verstaan. (Al ses die Taaluitkomste wat luister, praat, lees en beskou, skryf, dink en redeneer insluit, kan hier ontwikkel word en so ook taalstruktuur en –gebruik).

- Hulle moet dit geniet om die verhaal te lees en te bespreek. As opvoeder word u aangemoedig om dit vir die leerders aangenaam aan te bied en nie te swaarwigtig en ernstig nie.

- Die leerders moet die verskillende waardes en ooreenstemmende gedragspatrone kan bepaal wat deur die hoofkarakters uitgebeeld word.

- Hulle moet daaroor kan besin of hulle saamstem of nie met die verskillende standpunte en karakters in hierdie hoofstukke.

- Hulle moet oor hulle eie waardes kan nadink en in staat wees daartoe om te bepaal watter van hierdie waardes hulle aangeleer het en watter hulle self gekies het as deel van hulle lewenswyse.

- Hulle belangsteling in die res van verhaal moet geprikkel word. In hierdie drie hoofstukke val die klem op ontdekking en identifisering, en nie soseer daarop om afleidings te maak of besluite te neem nie. As opvoeder hoef u nie nou al te veel klem te lê op die moontlike morele lesse wat in hierdie drie hoofstukke na vore tree nie.

## INTRIGE

In hoofstuk een word die boek se hoofkarakters, Whitney en Lucky, aan ons, die lesers, bekend gestel. Die intrige spruit voort uit die verhouding tussen hulle en ook die spanning wat daaruit voortvloei. Die verhouding loop sommer aan die begin uit op ’n redelik stomende situasie en ons ontmoet dan ook mev. Pillay, Whitney se gunstelingonderwyser, as sy op die twee afkom waar hulle besig is om mekaar te soen in ‘n pakkamer.

Omdat sy bekommerd is, skakel mev. Pillay Whitney se ouers en ons leer ken Whitney se huislike omstandighede. Dié gebeurtenis vererger die bestaande konflik tussen Whitney en haar ouers, wat reeds hulle eie spanning beleef as gevolg van Whitney se pa se siekte.

In hoofstuk drie leer ken ons Whitney se goeie vriendin, Lindiwe, en ons lees hoe die verhouding tussen Whitney en Lucky verder ontwikkel. Mev. Pillay gesels openhartig met Whitney oor verhoudings en waardes, en dit laat ons verstaan waarom sy Whitney se gunstelingonderwyser is. Whitney se pa se gesondheid kry ’n ernstige knou wanneer sy raaiselagtige siekte hom in die bed laat beland met ‘n hoë koors. Dit is te verstane dat Whitney baie bekommerd is en probeer uitvind wat die oorsaak van sy simptome is.

## HOOFKARAKTERS

Whitney is ‘n avontuurlustige 13-jarige meisie, wie se lewe en gedagtes deurmekaar gekrap is omdat sy verlief is, probleme tuis het en ook nog haar eie adolessensie moet hanteer. Ons leer ken haar as ‘n onskuldige, naïewe meisietjie wie se voete onder haar uitgeslaan word deur ‘n ouer seun wat skielik aandag aan haar begin gee. Sy beleef tipiese tienerkonfrontasies met haar ouers. Sy is bekommerd oor haar uiterlike, oor wat ander mense van haar dink, en oor haar pa wat siek is. Alhoewel haar denkwyse volwasse voorkom, neem sy tog onvolwasse besluite wanneer sy die grense tussen reg en verkeerd beproef. Sy is op ’n ontdekkingsreis waartydens sy leer van die liefde, verantwoordelikhede, grootword en hoe om die gespanne situasie tuis te hanteer.

Lucky word aan ons bekend gestel as ‘n aantreklike, gewilde hoërskoolseun wat in Whitney belang stel. Alhoewel dit nie vir Whitney duidelik is nie, besef die leser dat sy motiewe met haar nie heeltemal so

edel is nie wanneer hy haar daarvan oortuig om saam met hom na sy “geheime plek” te gaan. Wanneer hulle betrap word, is sy natuurlike reaksie om ‘n leuen te vertel. Oneerlikheid blyk dan ook deel uit te maak van sy karakter aangesien hy van die begin van hulle verhouding af vir Whitney lieg. Hy is glad met sy tong en kom nogal heel romanties voor, omdat hy vir haar ’n Valentynskaartjie en liefdesbriewe skryf.

Mev. Pillay is nie net Whitney se Afrikaans-onderwyseres nie, maar ook haar gunstelingonderwyser. Sy word uitgebeeld as ‘n sterk karakter wat respek afdwing. Sy is lief vir haar leerders en stel op ‘n persoonlike vlak in hulle lewe belang. Sy het ook baie sterk oortuigings en waardes, wat sy maklik met ander deel sonder om dit op hulle af te dwing. Haar voorbeeld en optrede verdien respek, en ons lees dan ook dat Whitney haar raadpleeg om advies en leiding. Mev. Pillay word uitgebeeld as ‘n onderwyseres met baie wysheid en insig, wat reguit en met gesag praat en tog ook op ‘n sagte en liefdevolle wyse.

## TEMAS

Sommige temas wat met verloop van die verhaal ontwikkel, word reeds in die eerste drie hoofstukke bekend gestel.

**Ware liefde**: Ons lees hoe die verhouding tussen Whitney en Lucky ontwikkel en hoe mev. Pillay Whitney probeer help om te verstaan waaroor die liefde eintlik gaan.

**Vertroue**: Whitney se blinde vertroue in Lucky lei tot vrae oor wie ‘n mens kan vertrou en op watter grondslag vertroue gebou behoort te word. Whitney se ouers deel duidelik nie Whitney se vertroue in Lucky nie en die vertrouensverhouding tussen Whitney en haar ouers word bedreig. Mev. Pillay, wat Whitney se vertroue gewen het, bevraagteken ook Whitney se vertroue in Lucky.

**Waardes**: In haar gesprek met Whitney raak mev. Pillay die kwessie van waardes aan en die leser verneem ook dat Whitney reeds haar eie optrede teenoor Lucky bevraagteken. Selfs tydens die passievolle oomblik in die pakkamer wonder sy oor wat reg of verkeerd is.

**Eerlikheid**: Hierdie tema tree veral op die voorgrond waar Lucky se karakter uitgebeeld word met sy geheime en leuens.

**Besprekingsvrae**:

1. Dink jy Whitney het Lucky na nege dae goed genoeg geken om hom te vertrou? Motiveer jou antwoord, met ander woorde sê waarom jy so sê.

2. Waarom dink jy was Whitney tegelykertyd senuweeagtig en bang, maar ook opgewonde oor die gedagte om alleen saam met Lucky te wees? Waaroor was sy senuweeagtig?

3. Waarop behoort Whitney se besluit of haar dade reg of verkeerd is te berus?

# PRETOEFENINGE

## 1.1. Stukkende Telefoon

<u>Uitkomste:</u>

Leerders geniet die leerproses.
Dien as ysbreker.

Laat u leerders in rye van omtrent 10 staan. Die voorste leerder in elke ry kom vorentoe om na ‘n geskrewe sin op ‘n vel papier te kyk en dit te memoriseer. Elkeen gaan fluister dit dan aan die volgende persoon in sy/haar ry, en dié fluister dit weer aan die volgende leerder. So hou dit aan tot die laaste persoon in elke ry die boodskap ontvang het. Dié leerders tree vorentoe en sê dan hardop vir die klas wat hulle gehoor het. U kan die volgende voorbeelde gebruik as sinne, of u eie sinne uitdink:

1. Op die planeet Mars eet die ruimtewesens vrot kaas en almal is van dieselfde geslag. Daarom bestaan daar nie iets soos romantiese liefde nie.

2. Skoenlappers kom van ruspers af, paddas van paddavissies en hoenders uit eiers. Waarvandaan kom jy?

3. Wanneer vriende iets in die geheim aanvang, doen hulle waarskynlik iets wat hulle nie behoort te doen nie!

4. Daar is mense op wie jy altyd kan vertrou, en dan is daar mense wat lyk of jy hulle kan vertrou, maar as jy hulle eers leer ken, besef jy dat jy hulle nie kan vertrou nie.

5. Ek weet dit is vir jou moeilik om te hoor wat ek te sê het, maar dit is uiters belangrik om te kan luister as jy ooit iets wil leer.

## 1.2. **Blokkiesraaisel** (werkblaaie voorsien)

**Uitkomste:**

Leerders geniet die leesproses en om in wisselwerking met die teks te tree.
Leerders het pret terwyl hulle leer.
Vermoë ontwikkel om woorde op te spoor en te identifiseer.
Woordeskat uitgebrei en spelvermoë verbeter.

Vul die volgende blokkiesraaisel in deur die leidrade te bestudeer en woorde te gebruik wat betrekking het op Whitney se eerste soen.

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | G | | | | | | | | |
| | S | | B | O | L | L | E | M | A | K | I | E | S | I | E |
| | L | | | | | | D | | | | | | | N | |
| | E | | A | A | N | R | A | K | I | N | G | | | T | |
| | U | | R | | A | | G | | | | E | | | I | |
| | T | | M | | S | | T | | | | S | | | E | |
| | E | | | | K | | E | | | | P | | | M | |
| | L | I | P | P | E | | S | | | | A | | | E | |
| | | | | | E | | | | H | A | N | D | | | |
| | N | | H | A | R | T | | | | | N | | | | |
| | A | | | | M | | | | | | E | | | | |
| | D | | | | I | | | | | S | | | | | |
| G | E | W | I | L | D | | | | | W | | | | | |
| | R | | | | D | | | | | E | | | | | |
| | | | | G | E | H | E | I | M | E | P | L | E | K | |
| | | | | | L | | M | | | F | | Y | | | |
| | | | | | | | O | | | | | F | | | |
| | | | | | | | S | | | | | | | | |
| | | | | O | P | W | I | N | D | I | N | G | | | |
| | | | | | | | E | | | | | | | | |
| | | | | | G | E | S | I | G | T | E | | | | |

## 1.2 **Blokkiesraaisel-leidrade** (Uit bl. 3 en 4 van die boek saamgestel)

**Af:**

1. “Stukkende sporttoerusting,” het Lucky verduidelik, terwyl hy ‘n _________ uit sy sak haal.
2. Sy een ________ was om haar middel.
3. Haar ________ het nog vinniger as haar hart gejaag. Miskien was sy nog nie reg hiervoor nie.
4. Sy het haar oë toe gehou en die ___________ aandag soos ‘n spons ingedrink.
5. Sy kon die geur van sy deodorant ruik – of was dit ________?
6. “Wat’s fout, ntombi? Jy lyk so _________. Wil jy dan nie by my wees nie?”
7. “Uiteindelik kan ons alleen saam wees. Dis mos wat jy wil hê, is dit nie?” het hy gesê terwyl hy haar hand vat en haar ___________trek.
8. Sy het nog nooit vantevore so gevoel nie – so asof sy ____________.
9. Wat sou sy doen as hy haar __________ nog verder begin verken met sy hande?
10. Haar gedagtes en ____________ het nog vinniger as haar hart gejaag.

**Dwars:**

1. Whitney se maag het ___________ geslaan.
2. Sou sy hom keer? Sy het nie gedink sy sou nie – sy ___________ was so ongelooflik.
3. Sy het sy asem teen haar wang gevoel, sy warm _________ teen hare.
4. Na ‘n rukkie kon sy voel hoe hy sy _________ oor haar rug laat afgly ondertoe, na haar boude toe.
5. Haar _________ het wild geklop, soos ‘n trom waaroor sy geen beheer gehad het nie.
6. En Lucky was so aantreklik, so ______________.
7. “Yiz’ apha – kom hierlangs,” het hy in ‘n fluisterstem gesê. “Ek wil jou my ___________ _________ gaan wys!”
8. Whitney se maag het skielik begin draai – van _________ en spanning.
9. Hulle het op hulle sye gelê, hulle ____________ na mekaar toe gedraai.